




**Operation
EXODUS**
A Ministry of Ebenezer Emergency Fund International

*Helping the Jewish
people return to Israel*



Welkom by Ebenezer Operation Exodus Suid-Afrika

<http://www.operation-exodus.org/index.html>



Ebenezer Operation Exodus is 'n Christen organisasie wat deur God geroep is om die Joodse volk te help om terug te keer Israel toe in vervulling van Bybelse profesie. Ons humanitêre hulpprogram bied praktiese bystand en troos aan die armes en behoeftiges in die Joodse gemeenskappe van die voormalige Sowjet-Unie, Israel en elders.

MEER OOR ONS

<http://www.operation-exodus.org/about-us.html>


Ons is die verteenwoordigers van Ebenezer Operation Exodus in Suid-Afrika. Die bediening het kantore in 53 lande wêreldwyd.

FACEBOOK

<https://www.facebook.com/Ebenezer-Operation-Exodus-South-Africa-1692129217690550/>



INTERNASIONALE VISIE



Die Here het Ebenezer Operation Exodus geroep as 'n gebedsbediening om voorbidding te doen vir die wêreldwye terugkeer van die Joodse volk na Israel soos dit in die Skrif geprofeteer word. Hy is besig om 'n liggaam van voorbidders in die nasies op te rig om op die beloftes in Sy geopenbaarde Woord te staan, met betrekking tot Aliyah en die eksodus wat nog voorlê, en hierdie beloftes in geloof te verklaar. Hierdie profetiese liggaam is besig om deur Gees-geïnspireerde, volgehoue gebed geestelike hoofweë in die nasies op te bou en die struikelblokke te verwyder wat die owerhede en magte in die lug probeer aanwend om die terugkeer van die Joodse volk te dwarsboom en te verhinder.

Die Here het vir Ebenezer geroep om soveel Jode as moontlik te help om terug te keer Israel toe gedurende hierdie beperkte tydperk van genade en hulle te waarsku om nie uit te stel nie. Terselfdertyd, het Hy aan die bediening die visie gegee om die Liggaam van Christus wêreldwyd aan te wakker, aan te moedig en te onderrig om haar profetiese verantwoordelikheid na te kom om te bid en die Joodse volk te help om na Israel, hul God-gegewe tuisland, terug te keer. Die Kerk is ook geroep om die Joodse volk te ondersteun namate vervolging en anti-Semitisme in die nasies toeneem.

Die Here is besig om die bediening na al hoe meer nasies uit te brei. Die Heilige Gees lei ons om na geografiese streke te desentraliseer, en groter buigzaamheid en gesag aan 'n netwerk van streekskoördineerders oor te dra.

Ons fokus op ons God-gegewe visie dat die huidige roeping van Ebenezer Operation Exodus toenemend deur die Liggaam van Christus dwarsoor die wêreld geassimileer sal word. Teen daardie tyd sal die Kerk in die nasies haar verantwoordelikheid besef om die Joodse volk lief te hê en te ondersteun terwyl die Here Sy plan openbaar maak om hulle na Israel te neem, waar Hy hul Messias aan hulle sal openbaar.

UITNODIGING

As u of u kerk/organisasie betrokke wil raak by God se profetiese plan vir Sy uitverkore volk, kontak ons gerus en ons sal 'n afspraak maak om by u gemeente te kom praat en 'n PowerPoint-aanbieding te gee.

AANBIEDINGS WORD IN ENGELS OF AFRIKAANS GEGEE

Nasionale Koördineerder, Suid-Afrika

Alida Schoultz

Ebenezer Operation Exodus

Posbus 61887

Vaalpark

1948

Tel: (016) 971 - 1766

Sel: 083 206 2803

E-pos: alidaeef@icon.co.za